JUNIE 2019
GRAAD 6

LAERSKOOL HERBERT HURD
AFRIKAANSE EERSTE ADDISIONELE TAAL

PUNTE: 40

Die Leeukoning

Die leeu staan as die koning van die oerwoud bekend. Wat weet ons van hierdie groot kat? Die leeu is die tweede grootste lid van die katfamilie, na die tier.

Hoe leeus saamwoon

Leeus woon en jag in troppe. Hulle woon lewenslank in troppe saam. Die ma's, dogters, tantes en suster woon almal saam en versorg die leeukleintjies. Die kleintjies word welpies genoem.

Hoe leeus jag

Die leeuwyfies doen die meeste van die jagwerk. Hulle jag prooi soos sebras of wildebeeste. Hulle kruip in die lang gras weg en bestee soms ure daaran om hulle prooi dop te hou en te wag vir die regte oomblik om aan te val. Wanneer 'n leeuwyfie 'n dier doodmaak, eet die hele trop saam. Hulle eet in 'n spesifieke volgorde: eers die leeumannetjies, dan die leeuwyfies, dan die welpies.

Leeumannetjies

Soms woon tot drie leeumannetjies in die trop. Hul brul baie om ander leeumannetjies weg te hou. Soms baklei hulle met ander leeumannetjies oor dominansie van die trop. Hierdie gevegte kan baie geweldadig wees, en kan selfs tot een van die leeus se dood lei.

Die areas waarin leeus leef

Elke leeutrop leef in sy eie gebied, soos ons in verskillende provinsies van ons land woon. Hulle merk die grense van hul gebied af deur die bome te krap of deur urine of mis agter te laat om vir ander leeus te sê om weg te bly.

Beantwoord die volgende vrae wat volg.

1. As wat staan die leeu in die oerwoud bekend? (1)
2. Watter dier is die grootste van die katfamilie? (1)
3. Wat word 'n baba-leeu genoem? (1)
4. Watter geluid maak 'n leeu? (1)
5. Wat is die volgorde waarin daar deur leeus geëet word? (3)
6. Hoekom brul leeus? (1)
7. Hoe merk leeus hulle gebied? (2)

Is die volgende stellings waar of onwaar.
Indien onwaar, gee 'n rede vir jou antwoord.

1. Die leeus is die grootste lid van die katfamilie.
2. Leeumannetjies vang sebras en wildbeeste.
3. Leeugevegte kan soms geweldadig wees en selfs lei tot die dood van 'n leeu.

(5)

Totaal 15 punte

AFDELING B: Taal 25 punte

A: Gee afkortings vir die volgende woorde/akronieme
1. asseblief
2. Persoonlike identiteitsnommer
3. dominee
4. blaai om (4 x ½)

B: Waarvoor staan die volgende afkortings/akronieme
1. vgl.
2. m.a.w.
3. SAID
4. OTM (4 x ½)

C: Skryf die volgende sinne oor in verlede tyd.
1. Sy is baie siek.
2. Melissa drink water.
3. Hulle verstaan die werk.
4. Ek kan vinnig hardloop. (4 x 1)

D: Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd.
1. Dumisa dek die tafel.
2. Dean klim van die leer af.
3. Amè pas die rok aan.
4. Joshua pos die brief. (4 x 1)

E: Skryf die volgende sinne oor in ontkenning.
1. Josh huil.
2. Reece slaap in sy kamer.
3. Ek sien iemand by die deur.
4. Jy moet jou huiswerk doen. (4 x 1)

F: Watter tipe sinne is die volgende sinne?

Stelsin	Vraagsin	Bevelsin	Uitroepsin

1. Hoe laat is dit asseblief?
2. Sit stil terwyl ek praat!
3. Hy is 12 jaar oud.
4. Sjoe, maar dit is warm vandag! (4 x ½)

G: Watter tipe bywoord is die onderstreepte woorde in die sinne?
1. Hy staan voor in die ry.
2. Vader stap stadig.
3. Ek het gister verjaar. (3 x 1)

H: Skryf die volgende sinne oor met die nodige lees- en skryftekens.
1. Oom attie Pienaar woon naby die Visrivier.
2. Hoekom was jou oe vrydag seer
3. die kinders loop sing sing skool toe.
4. Moenie die seeeend met klippe gooi nie (8 x ½)